



Biblioteek- en Inligtingsdiens

UNIVERSITEIT  
STELLENBOSCH  
UNIVERSITY

# JAARVERSLAG 2007



[www.sun.ac.za/library](http://www.sun.ac.za/library)

## Inhoud

<b>1. Boodskap van die Senior Direkteur</b>	<b>3</b>
<b>2. Bestuursopsomming</b>	<b>3</b>
<b>3. Personeel</b>	<b>5</b>
3.1 Aktiewe personeelplan	5
3.2 Uitdienstredes	5
3.3 Nuwe aanstellings	5
3.4 Toekennings	6
3.5 Personeelopleiding en -ontwikkeling	6
3.6 Professionele byraes: Aanbiedings/Referate/Toesprake	7
<b>4. Begroting</b>	<b>8</b>
<b>5. Inligtingsbronne en versamelings</b>	<b>9</b>
5.1 Boeke	9
5.2 Tydskrifte	9
5.3 Elektroniese bronne	10
5.4 Katalogisering	11
<b>6. Proaktiewe Kliëntegesentreerde dienslewering</b>	<b>11</b>
6.1 Bronverskaffing	11
6.2 Inligtingsdienste	12
6.3 Inligtingsgeletterdheid	12
6.4 Ingenieurs- en Bosboubiblioteek	13
6.5 Musiekbiblioteek	13
6.6 USBI	14
6.7 Teologie Biblioteek en Gesondheidswetenskappe Biblioteek	14
6.8 Spesiale Versamelings	14
<b>7. Verbeterde toepassing van Inligtingstegnologie</b>	<b>15</b>
7.1 Elektroniese bewaring van nagraadse studies en navorsing	15
7.2 Verbeterde stelselbestuur vir toegang tot elektroniese bronne	16
7.3 Loodsprojek vir verbeterde soekmetodes rakende organisatoriese inligting	16
<b>8. Interne en eksterne kommunikasie</b>	<b>16</b>
<b>9. Gehalteversekering</b>	<b>17</b>
<b>10. Streek-, nasionale en internasionale samewerking</b>	<b>17</b>

## 1. Boodskap van die Senior Direkteur

2007 was weer eens 'n bedrywige en opwindende jaar vir die Biblioteek- en Inligtingsdiens. Uit die jaar se aktiwiteite is dit duidelik dat ons positief reageer op nuwe uitdagings en ontwikkelinge wat aan die Biblioteek- en Inligtingsdiens gestel word. Die strategiese rigtings wat aan die einde van 2006 ontwikkel is, het ons gehelp om gefokus te bly en daartoe bygedra dat heelwat van ons doelwitte bereik kon word en 'n beduidende bydrae gelewer kon word tot die doelstellings en visie van die Universiteit in die breë.

Ondanks 'n beperkte begroting en verskeie uitdagings, het die Biblioteek- en Inligtingsdiens 'n besondere bydrae tot die akademiese en navorsingsdoelwitte en -uitsette van die Universiteit gelewer.

Die Biblioteek- en Inligtingsdiens sal hierop voortbou en dienste verder verbeter en uitbrei deur aktief deel te neem aan en te reageer op nuwe uitdagings en ontwikkelinge wat die toekoms mag inhou.

Namens die Biblioteekbestuur, weer eens hartlike dank aan al die biblioteekpersoneel vir hulle uitstekende samewerking en toewyding gedurende 2007. Dankie ook aan die Rektooraat, die Studenteraad, die Biblioteekkomitee, asook die dekanes, departemente en ander omgewings vir hul ondersteuning en goeie samewerking wat bygedra het tot 'n suksesvolle jaar vir die Biblioteek.

**Ellen R. Tise**  
Senior Direkteur, Biblioteek- en Inligtingsdienste

## 2. Bestuursopsomming

*Oorsig van die vernaamste hoogtepunte uit die 2007 jaarverslag van die Biblioteek- en Inligtingsdiens.*

Goeie vordering is in 2007 gemaak met die aktiewe personeelplan waarvan die ontwikkeling in 2006 'n aanvang geneem het. Voortgesette personeelopleiding en -ontwikkeling om personeel voortdurend op te skerp en voor te berei vir die strategiese eise van die werksomgewing was, soos in voorafgaande jare, weer eens een van die hoogste prioriteite van die Biblioteek- en Inligtingsdiens gedurende 2007. Meer as 75 personelede het deelgeneem aan 'n verskeidenheid opleidings- en ontwikkelingsgeleenthede.

Die totale biblioteekbegroting wat vir 2007 toegeken is, was R48 473.419. Addisionele inkomste uit donasies en ander diverse inkomste het 'n verdere R2 288 755 bygedra tot die begroting.

Die institusionele begroting is verminder met 1,26% as gevolg van die gunstige vooruitdekking wat gekoop is vir tydskrifte- en databasissubskripsies aan die begin van die jaar. Dit het egter nie enige groei in terme van die biblioteekversameling in berekening gebring nie. Die verslagjaar was gevolglik die tweede opeenvolgende jaar met zero groei.

Voortgesette inflasie rakende die prys van boeke, sowel as die impak van die verswakkende wisselkoers het meegebring dat daar in 2007 minder items aangekoop is as in 2006. Dit beteken ook dat geïdentifiseerde leemtes in die versameling nie in alle gevalle aangespreek kon word nie. Die waarneming is dat die boekversamelings in sommige departemente in die geestes- en sosiale wetenskappe toenemend verouderd raak weens onvoldoende befondsing aan hierdie fakulteite vir die jaarlikse aankoop van nuwe boekmateriaal.

Die aanvraag na inligting in elektroniese formaat neem steeds toe. In 2007 het die klem na die

aankoop van elektroniese boeke (e-boeke) verskuif. 'n Versameling van 600 e-boeke is op die Ebrary-platform aangekoop. Daar is ook in 2007 ingeteken op die aanlynweergawe van *Encyclopaedia Britannica* en op die elektroniese naslaanbiblioteek Credo Reference, wat ongeveer 277 e-naslaanwerke bevat. Ander elektroniese platforms is met nuwe e-boeke en e-naslaanwerke aangevul.

Die strewe na 'n meer strategiese institusionele begroting vir die aankoop van inligtingsmateriaal bly 'n probleem en die huidige afwesigheid van sodanige begroting bemoeilik voorsiening aan die groeiende behoeftes van studente en akademiese personeel.

Die statistiek van die gebruikmaking van databasisse en die aflaa van artikels deur kliënte gee weer eens 'n goeie aanduiding van die toenemende benutting van elektroniese bronne vir inligtingsherwinning. Die belangrikste navorsingsmateriaal is die afgelope paar jaar bykans 100% oorgeskakel vanaf papiergebaseerde formate na elektroniese formaat.

Dit is dus kommerwekkend dat 'n ernstige tekort aan fondse waglyste van versoeke vir die aankoop van nuwe titels, waaraan nie voldoen kan word nie, tot gevolg het. Dit het ernstige implikasies vir die Universiteit se voortgesette rol as 'n top-navorsingsuniversiteit. Hierdie sentiment het ook sterk na vore gekom tydens die fokusgroepgesprekke met nagraadse studente en akademiese personeel in 2007.

Voortdurende aksies om prosedures en fasiliteite te verbeter om sodoende 'n proaktiewe kliëntgesentreerde diens te lewer, het ook weer aandag geniet.

Inligtingsgeletterdheid, en daarmee saam die opleiding van kliënte, bly steeds 'n strategiese prioriteit vir die Biblioteek- en Inligtingsdiens en die opleidingstatistiek van 2007 toon dat daar 'n positiewe groei is in die aantal studente in al die fakulteite wat van die opleidingsprogramme gebruik maak. Die geïntegreerde elektroniese biblioteekopleidingsmodule wat sowat twee jaar gelede met behulp van WebStudies ontwikkel is om meer studente te bereik, het meegebring dat 'n addisionele 3 427 kliente kurrikulumverwante opleiding in 2007 ontvang het.

Soos in vorige jare was daar weer tasbare uitkomst van inligtingverskaffing in die Afdeling Spesiale Versamelings van die Biblioteek in die vorm van publikasies wat verskyn het as 'n direkte resultaat van navorsing in hierdie afdeling. Voorbeelde hiervan sluit in:

- *Uit puur verstrooiing: lesings, praatjies, artikels, onderhoude en besprekings* deur John Kannemeyer (Stellenbosch: Inset-Uitgewers, 2007).
- *Verkenning van Zuid-Afrika: achttiende-eeuwse reizigers aan de Kaap* deur Siegfried Huigen (Zutphen: Walburg Pers, 2007).
- "Podium and/or pulpit? DF Malan's role in the politicisation of the Dutch Reformed Church, 1900-1959" deur Lindie Korf. In *Historia* 52 (2), November 2007.
- "Standpunte: The story of a culturally inclusive South African journal" deur Elsa Meihuizen. Referaat gelewer by die "A world elsewhere"-konferensie, April 2007.

Na die suksesvolle loodsing van die elektroniese tesisse-projek in 2006 is goeie vordering gemaak met die ontwikkeling van 'n stelsel om voorsiening te maak vir die elektroniese inlewering van tesisse en proefskrifte. Gevolglik was daar aan die einde van 2007 reeds 403 tesisse en proefskrifte van die Universiteit Stellenbosch aanlyn beskikbaar. 274 458 afladings het in 2007 van hierdie aanlyn tesisse en proefskrifte plaasgevind (gemiddeld sowat 680 afladings per tesis/proefskrif) en 28 147 soektogte is in die loop van die verslagjaar in dié tesisse en proefskrifte uitgevoer.

Die Biblioteek- en Inligtingsdiens se doelwit om sy sigbaarheid te verhoog en om bewustheid te skep vir sy dienste, fasiliteite en bronne is op verskeie wyses nagestreef en suksesvol uitgevoer. 'n Hoogtepunt was die installering van twee plasmaskerms om kommunikasie met kliënte visueel treffend aan te bied. Verskeie aktuele uitstallings, onder meer oor Beatrix Potter, Stellenbosse skrywers, ensovoorts is ook aangebied gedurende die jaar.

2007 was beslis 'n jaar vol verrassings en uitdagings vir die Biblioteek-en Inligtingsdiens en daar word met groot verwagting uitgesien na wat 2008 mag inhou.

### **3. Personeel**

#### **3.1 Aktiewe personeelplan**

Goeie vordering is in 2007 gemaak met die aktiewe personeelplan waarvan die ontwikkeling in 2006 'n aanvang geneem het:

- Die aantal ad hoc-poste by die Biblioteek- en Inligtingsdiens is in 2007 noemenswaardig verminder en, waar doenlik, omgeskakel in permanente poste.
- Die instelling van 'n addisionele pos van Stelselbibliotekaris wat reeds oor 'n aantal jare beplan is, het in 2007 gerealiseer, met die aanstelling van me N Malherbe in die pos.
- Die herstrukturering van die Afdeling Beplanning en Bemarking het plaasgevind en voorsiening is uit die bestaande personeelkomponent gemaak vir die portefeuljes van Webbestuurder in die persoon van me L Schoombee en van Bestuursinligtingkoördineerder in die persoon van me M Roux.

#### **3.2 Uitdienstredes**

Die volgende persone het gedurende die loop van die verslagjaar uit diens getree:

Mnr JPJ Engelbrecht  
 Mev A Els  
 Mnr JJ Mouton  
 Me A Niemand  
 Mev S Botha  
 Mev H Otto  
 Mev N Thesnaar  
 Mev M Visser  
 Mev L Erens  
 Mev G Gericke

#### **3.3 Nuwe aanstellings**

Die volgende persone is in die loop van die verslagjaar in permanente poste by die Biblioteek- en Inligtingsdiens aangestel:

Me S Kibirige  
 Me J Williams  
 Me N Malherbe  
 Me P Talliard  
 Me L Kleinhans  
 Mnr D Adams  
 Mnr S February

Daar is ook weer eens goeie vordering ten opsigte van diversiteitsteikens tydens 2007 gemaak en ses van die sewe permanente aanstellings wat gemaak is, was persone uit die aangewese groepe.

Die poste van elf personeellede is in die loop van die verslagjaar opgegradeer. Aan die einde van 2007 het die permanente personeelkomponent van die Biblioteek- en Inligtingsdiens uit 101 poste bestaan, met 5 vakatures.

### 3.4 Toekennings

'n Besondere eer het die Biblioteek- en Inligtingsdiens gedurende die verslagjaar te beurt geval met die verkiesing van die Senior Direkteur, me ER Tise, as Aangewese President van die International Federation of Library Associations and Institutions (IFLA) in Junie 2007. Me Tise sal vanaf 2007 tot 2009 in hierdie posisie dien, waarna sy outomaties vanaf 2009 tot 2011 sal dien as President van die vereniging. Hierdie verkiesing word allerweë as 'n baie spesiale eer vir sowel die Biblioteek- en Inligtingsdiens as die breëre Suid-Afrikaanse biblioteek- en inligtingsgemeenskap beskou.

Me Tise ontvang ook in 2007 die LIASA (Library and Information Association of South Africa) 10th Anniversary Award, vir uitstaande leierskap in LIASA en die biblioteek- en inligtingsektor.

Mev M Heese ontvang in 2007 die Rektor se toekenning vir voortreflike diens en mev A Eagleton en me W Aucamp ontvang elk 'n langdienstoekenning vir 25 jaar diens aan die Universiteit.

Die volgende personeellede het grade en ander formele kwalifikasies gedurende 2007 verwerf:

Me S Kloppers - B Comm (US)

Me M Roux – MA (Afr Ndl) (*cum laude*, US)

Mnr Y Ras – National Diploma in Library and Information Science (UNISA)

Mnr C September – Certificate in designing and implementing telecommunication networks (UNISA)

Me C Lindoor – L3-sertifikaat (PLUS-program)

Me I de Lange het in 2007 'n sertifikaat ontvang vir die formele opleiding as mentor wat sy ontvang het ter voorbereiding vir die mentorskap van die PLUS-program wat sy in 2006 vir me C Lindoor, wat die program deurloop het, hanteer het. Mev H Swart het ook in 2007 opleiding as mentor vir die PLUS-program ontvang en in die loop van die jaar twee personeellede van die Universiteit Stellenbosch Bestuurskool, wat die PLUS-program deurloop het, as mentor begelei.

### 3.5 Personeelopleiding en -ontwikkeling

Voortgesette personeelopleiding en -ontwikkeling om personeel voortdurend op te skerp en voor te berei vir die strategiese eise van die werksomgewing was, soos in voorafgaande jare, weer eens een van die hoogste prioriteite van die Biblioteek- en Inligtingsdiens gedurende 2007. Daar is derhalwe vanaf 2007 ook begin met 'n program van gereelde interne personeelopleiding- en ontwikkelingsessies wat gemiddeld twee keer per maand plaasgevind het. Aanbiedings het gewissel van informele opleidingsessies tot formele voorlesings of aanbiedings deur genooide sprekers en terugvoeringsessies deur personeellede oor professionele geleenthede wat deur hulle bygewoon is. Die gemiddelde bywoningsyfer was tussen 40 en 50 personeellede per sessie.

- Meer as 75 personeellede het gedurende die verslagjaar deelgeneem aan 'n wye verskeidenheid opleidings- en ontwikkelingsgeleenthede:
- Die CHEC-programme is weer eens goed bygewoon met personeellede wat onder meer die kursusse in spanbou, projekbestuur, leierskap, en kennis- en inligtingsbestuur bygewoon het.
- Rekenaarkursusse aangebied deur die Afdeling Informasietegnologie bly steeds gewild en verskeie personeellede het opleiding ontvang in MS Excel, MS Word, MS Powerpoint en Frontpage.
- 'n Groot aantal personeellede betrokke by inligtingverskaffing en opleiding van kliënte het tydens 'n werkswinkel aangebied deur die Sentrum vir Onderrig en Leer opleiding in WebCT ontvang. 'n Aantal personeellede het ook konferensies wat in 2007 deur die Sentrum

aangebied is, bygewoon.

- Verskeie personeelle se vaardighede ten opsigte van kliëntediens en streshantering is met die bywoning van opleidingsessies opgeskerp.
- 'n Aantal personeelle het kursusse of werksinkels, aangebied deur die US Taalsentrum, bygewoon, onder meer “Brosjures wat werk”, “Luister na jou Leser”, “Kommunikasie, kultuur en beeld”, “Webkommunikasie”, ensomeer.
- Verskeie personeelle het vir die eerste keer, of vir opknapping, noodhulpopleiding ontvang en 'n aantal personeelle het ook die inligtingsessie oor MIV in die werkplek wat deur die Universiteit aangebied is, bygewoon.
- 'n Groot verskeidenheid demonstrasie- en opleidingsessies is gedurende die verslagjaar deur verskaffers van biblioteekprodukte aangebied en is bygewoon deur biblioteekpersoneel.
- Vyf personeelle het die Developing Information Technology Capacity in Higher Education (DITCHE)-simposium in Mei 2007 in Port Elizabeth bygewoon.
- Mnr W Klapwijk en mnr L Munro van die Biblioteek se Afdeling Informatietegnologie het onderskeidelik in Mei 2007 die Ex Libris Systems Seminar in Potsdam, Duitsland en in Oktober 2007 die DSpace User Group Meeting in Rome, Italië bygewoon.
- Die biblioteek- en inligtingsgemeenskap van Suid-Afrika was bevoorreg dat verskeie internasionale professionele konferensies in 2007 in Suid-Afrika plaasgevind het. Derhalwe kon 20 personeelle van die Biblioteek- en Inligtingsdiens die World Library and Information Congress: 73rd IFLA General Conference and Council: “Libraries for the future: progress, development and partnerships” in Augustus 2007 in Durban bywoon en 10 personeelle die 7th Northumbria International Conference on Performance Measurement in Libraries and Information Services, ook in Augustus, in Stellenbosch bywoon.
- 'n Verdere omvattende aantal konferensies, werksinkels en ander ontwikkelingsgeleenthede wat plaaslik, nasionaal en internasionaal plaasgevind het, is ook in 2007 deur personeel van die Biblioteek- en Inligtingsdiens bygewoon ten einde op die voorpunt van biblioteek- en inligtingsontwikkelings wêreldwyd te kan bly.

### 3.6 **Professionele bydraes: Aanbiedings/Referate/Toesprake**

- Me J Arendse en mnr P du Plessis het in Mei 2007 'n gesamentlike referaat met die titel *Challenging times: information literacy, librarian/lecturer partnerships and e-learning* by die E-learning Africa: 2nd International Conference on ICT for Development, Education and Training in Nairobi, Kenia gelewer.
- Me J Arendse het 'n besprekingsforum getiteld *Adding value: a discussion on the academic librarian's role in supporting researchers* gekoördineer wat in April 2007 tydens die International Conference on Postgraduate Supervision – the state of the art and the artists-konferensie van die Sentrum vir Hoër en Volwasse Onderwys (US Fakulteit Opvoedkunde) deur haarself en mev H Swart en M Heese aangebied is.
- Me E van Wyk het by die konferensie, Akademieskap van onderrig en leer: E-leer, 'n aanbieding gedoen met die titel *Librarian & Lecturer Partnership & E-learning sources to the students*.
- Me E Tise het gedurende die verslagjaar by verskeie geleenthede aanbiedings gedoen, naamlik in Mei 2007: *South African Libraries: Then and Now* tydens die vergadering van die OCLC Raad

van Lede in Dublin, Ohio in die VSA; in Junie 2007: *A New Dawn in South Africa* by die Wes-Kaapse Tak van LIASA se tiende bestaansjaarvieringe van die vereniging; in September 2007: *Current trends in Information Services* by die HERS-SA Academy in Kaapstad; en in November 2007: *Peering ahead, or is the future already here?* by die The Future of libraries in South Africa-simposium, Universiteit van Wes-Kaapland.

#### 4. Begroting

Die totale begroting vir 2007 is soos volg toegeken aan die Biblioteek- en Inligtingsdiens:

Tabel 1: Begroting			
	2005	2006	2007
Institusioneel	R 27 609 051	R 27 389 000	R27 045 000
Bedryf	R 3 414 737	R 4 250 303	R4 302 465
Meubels en toerusting	R 696 907	R 600 000	R607 364
Salarisse	R 16 841 271	R 15 812 094	R16 518 590
<b>Totaal</b>	<b>R 48 565 966</b>	<b>R 48 051 397</b>	<b>R48 473 419</b>
Ander inkomste			
Donasies	R 80 100	R 100 000	R36 100
Borgskappe	R 36 491	R 38 333	R23 684
Afstandstudente	R 218 480	R 240 800	R265 400
Boetes	R 102 644	R 107 915	R95 904
Interne Inkomste	R 158 582	R 29 729	R110 763
Diverse Inkomste	R 659 083	R 554 918	R636 691
Diverse Inkomste	R 69 622	R 28 088	R124 484
Rente	R 348 297	R 369 149	R559 376
Drukwerk (Studente)	R 17 317	R 380 698	R436 353
Bywoning van kursusse	R69 300	R 82 800	0
<b>Totaal</b>	<b>R1 759 916</b>	<b>R1 932 430</b>	<b>R2 288 755</b>

Die institusionele begroting is met 1,26% verminder as gevolg van die gunstige vooruitdekking wat aan die begin van die jaar gekoop is vir tydskrifte- en databasissubskripsies. Dit het egter nie enige groei in terme van die biblioteekversameling in berekening gebring nie. Gedurende 2007 het die vooruitdekking 86,5% van die tydskrifte- en databasissubskripsies gedek.

Die toekenning was in lyn met die 2006 raamwerk. Die begrotingskomponent vir die fakulteite was R14 420 500 (53,3%) teenoor die diskresionêre toekenning van R12 624 500 (46,7%). Dit was grootliks as gevolg van die konsolidasie van die Wiley InterScience-databasisaankope wat nou in die diskresionêre komponent ingesluit is. Aan die einde van 2007 was slegs 3,22% van die begroting nie spandeer nie. Dit is grootliks te wyte aan twee fakulteite wat onderspandeer het op volgwerke en tydskrifte subskripsies.

Die totale betalings het gegroei vanaf 88,95% in 2006 tot 91,29% in 2007, terwyl uitstaande verpligtinge verminder het vanaf 8,64% in 2006 tot 5,49% in 2007.



## 5. Inligtingsbronne en versamelings

### 5.1 Boeke

Die versameling monografiese materiaal (boeke en oudiovisuele materiaal) het in 2007 met 9305 items gegroei. Kyk Tabel 2 vir meer inligting.

99,14% van die begroting van R4 618 116 wat vir boek- en ander monografiese materiaal geallokeer is, is in 2007 gebruik. Hierdie begroting is aangevul deur bestellings ter waarde van R217 159 wat teen spesiale fondse, wat vir die aankoop van biblioteekmateriaal beskikbaar was, geplaas is, sowel as bestellings ter waarde van R106 774 teen sogenaamde eksterne (d.i. departementele) fondse.

Voortgesette inflasie rakende die prys van boeke, sowel as die impak van die verswakkende wisselkoers het beteken dat daar in 2007 minder items aangekoop is as in 2006. Dit beteken ook dat geïdentifiseerde leemtes in die versameling nie in alle gevalle aangespreek kon word nie. Die waarneming is dat die boekversamelings in sommige departemente in die geestes- en sosiale wetenskappe toenemend verouderd raak weens onvoldoende befondsing vir hierdie fakulteite vir die jaarlikse aankoop van nuwe boekmateriaal.

	2004	2005	2006	2007
Boeke	662 286	671 347	680 706	690 011
Ander materiaal	35 670	35 694	36 382	36 849
Tydskrifvolumes (gebind)	349 961	353 382	354 738	356 650
<b>Totaal</b>	<b>1 047 917</b>	<b>1 060 4 23</b>	<b>1 071 826</b>	<b>1 083 510</b>

### 5.2 Tydskrifte


Met die aankoop van die Wiley InterScience-databasis is die komponent van tydskriftitels wat volteks elektronies beskikbaar is verder vergroot. 'n Totaal van 129 enkelpapier- en elektroniese subskripsies kon gekanselleer word weens hulle insluiting in hierdie sowel as in ander databasisse. Slegs 2 231 papiersubskripsies word nog deur die Afdeling Tydskrifte en Elektroniese Bronne geadminestrer, teenoor die 36 401 tydskriftitels waarvan volteks elektroniese toegang deur middel van die A-Z lys beskikbaar is.

SFX is 'n funksionaliteit wat deur die Biblioteek- en Inligtingdiens beskikbaar gestel word om vir kliënte toegang tot volteks artikels te verskaf vanaf verwysings in verskillende databasisse. Gedurende 2007 is individuele tydskriftitels, sowel as tydskriftitels wat volteks binne uitgewerspakkette en databasisse beskikbaar is, in SFX geaktiveer.

Die deurlopende oorskakeling vanaf 'n papier- na 'n elektroniese tydskrifomgewing, sowel as beperkinge in die bindbegroting, het veroorsaak dat die inbinding van tydskrifte en koerante die afgelope drie jaar met ongeveer 72% verminder het. Daar is in 2007 1 879 tydskrifvolumes en 33 koerante ingebind.

### 5.3 Elektroniese bronne

Die klem het in 2007 na die aankoop van elektroniese boeke (e-boeke) verskuif. 'n Versameling van 600 e-boeke is op die Ebrary-platform aangekoop. Daar is ook in 2007 ingeteken op die aanlynweergawe van *Encyclopaedia Britannica* en op die elektroniese naslaanbiblioteek Credo Reference, wat ongeveer 277 e-naslaanwerke bevat. Ander elektroniese platforms is met nuwe e-boeke en e-naslaanwerke aangevul.



Die gebruikstatistiek van databasisse gee weer eens 'n goeie aanduiding van die toenemende benutting daarvan vir inligtingsherwinning. Die belangrikste navorsingsmateriaal is die afgelope paar jaar bykans 100% oorgeskakel vanaf papiergebaseerde formate na elektroniese formaat. Dit is egter belangrik om daarop te let dat inligting in papierformaat nog steeds van groot belang is binne sekere akademiese dissiplines.

Weens die toenemende benutting van elektroniese databasisse is dit dus kommerwekkend dat 'n ernstige tekort aan fondse waglyste van versoeke vir die aankoop van nuwe titels, waaraan nie voldoen kan word nie, tot gevolg het. Ook die inperking op die aankoop van nuwe tydskriftitels (tensy 'n akademiese departement bereid is om 'n bestaande titel prys te gee sodat die fondse vir die nuwe titel aangewend kan word) hang saam met die begrotingproblematiek en dit sal dringend aangespreek moet word aangesien dit ernstige implikasies inhou vir die Universiteit se voortgesette rol as top-navorsingsuniversiteit. Hierdie sentiment het ook sterk na vore gekom tydens die fokusgroepgesprekke met nagraadse studente en akademiese personeel in 2007. Die mees onlangse voorbeeld hiervan was 'n uitstekende aanbod van die uitgewers, Elsevier, vir die eenmalige aankoop van die ScienceDirect-argief wat nie opgeneem kon word nie as gevolg van onvoldoende fondse.

Die twintig databasisse wat die meeste gebruik is gedurende 2007 is:

<b>1</b> Academic Search Premier	192 388	<b>11</b> ProQuest Education Journals	36 830
<b>2</b> SAePublications	170 746	<b>12</b> ProQuest Medical Library	35 109
<b>3</b> ScienceDirect	133 150	<b>13</b> ProQuest Science Journals	34 927
<b>4</b> Index to SA Periodicals	101 790	<b>14</b> Dissertations and Thesis	34 086
<b>5</b> Web of Science	77 691	<b>15</b> ProQuest Agriculture Journals	33 044
<b>6</b> Business Source Premier	68 980	<b>16</b> ABI/Inform Trade & Industry	32 923
<b>7</b> Emerald	45 612	<b>17</b> ProQuest Telecommunications	32 478
<b>8</b> SACat - Sabinet	44 406	<b>18</b> Career and Technical Education	32 377
<b>9</b> ProQuest Social Science Journals	40 978	<b>19</b> ProQuest Computing	32 222
<b>10</b> SA Media	40 586	<b>20</b> Academic OneFile	24 850

## 5.4 Katalogisering

Die afdeling se personeel word voortdurend voor groot uitdagings gestel om op die voorpunt van die snelveranderende inligtingsomgewing te bly. Nuwe en veranderde werkswyses moet deurlopend geïmplementeer word ten einde steeds 'n voortreflike en effektiewe diens aan Biblioteekklënte te lewer.


Die Katalogiseerafdeling het in 2007 12 470 nuwe boeke (papier of elektronies), DVD's en ander soorte materiaal in die rekenaarkatalogus opgeneem. Daar is ook vir 6 188 boeke wat reeds in die versameling opgeneem is vir die eerste keer bibliografiese- en itemrekords in die rekenaarkatalogus geskep - om hul kaartkatalogusrekords te vervang - en vir 1 015 boeke moes wysigings in hul bestaande rekenaarkatalogusrekords aangebring word as gevolg van, onder meer, verskuiwings van die voorraad.

Die Katalogiseerafdeling was ook betrokke by die plaas van US proefskrifte en tesse in elektroniese formaat op die nuwe Electronic Theses and Dissertations (ETD)-databasis van die Universiteit, om hierdie navorsingsuitsette via die internet wêreldwyd beskikbaar te stel. Hierdie take het onder meer die omskakeling van tesse, ensomeer, na PDF-formaat, en die skep van metadata ingesluit.


## 6. Proaktiewe kliëntgesentreerde dienslewering

### 6.1 Bronverskaffing

'n Verskeidenheid aksies is in die loop van 2007 deur die Bronverskaffingsafdeling van stapel gestuur om prosedures en fasiliteite te verbeter wat kan lei tot 'n meer positiewe kliëntervaring. Sommige hiervan het verband gehou met terugvoering wat ontvang is tydens die fokusgroepgesprekvoering wat in 2007 met kliënte plaasgevind het en ander was die uitvloeisel van 'n bestekopname deur die afdeling.



Die afgelope sowat twee jaar was die mening dat die afwaartse tendens in interleningstatistiek gestabiliseer het, maar die 2007 syfers dui op die voortsetting van hierdie tendens. In 2006 was daar 'n afname van 6,4 % en dit is voortgesit met 'n verdere afname van 22,9% in 2007. Daar was ook 'n skerp afname in die aantal internasionale transaksies wat hanteer is.



Die totale aantal uitreikings van die Biblioteek- en Inligtingsdiens het met 12,3% afgeneem en dit is waarskynlik grootliks te wyte aan die inperking van hernuwings van materiaal en die toenemende gebruikmaking van elektroniese bronne.

2007 is ook die tweede jaar waartydens prosedures en voorwaardes van die dekkende outeursreglisensie vir reserwe-items gegeld het en reserwe-uitreikings en -hernuwings het

in totaal met ongeveer 13,9% afgeneem. Dit is 'n verwagte afname en in lyn met die strategiese doelwit om aktiwiteite van die afdeling af te skaal na dit wat die kernbesigheid van 'n reserwe-afdeling is.

### 6.2 Inligtingsdienste

Die MetaLib-bekendstelling en bemarking het baie suksesvol verloop en 'n groot getal studente is met hierdie aksie bereik. Gedurende 2007 is baie werk deur al die fakulteitsbibliotekarisse gedoen om leemtes in die voorraad wat tydens die voorraadevalueringproses van 2006 by die onderskeie vakdisiplines uitgewys is te vul en versamelvlakke reg te stel ter voorbereiding van die volgende voorraadevalueringproses wat in 2008 sal plaasvind.

Wat betref die virtuele inligtingsdiens is daar voortgegaan met die vaslegging van inligtingsnavrae en antwoorde op die QuestionPoint KnowledgeBase en die totale aantal rekords wat in die loop van die verslagjaar vasgelê is, het weer eens 'n styging getoon vanaf 1 058 rekords in Januarie 2007 na 1 105 rekords in Januarie 2008. Ook die rekords wat deur die Biblioteek- en Inligtingsdiens op die South African National KnowledgeBase geplaas is, het 'n styging van 47 rekords getoon. Die gebruik van AskALibrarian deur biblioteekkliënte neem stelsmatig toe met gemiddeld 53 navrae per maand, maar daar word in die vooruitsig gestel om in die toekoms heelwat meer bemarking rondom hierdie diens te doen aangesien daar tog nog baie kliënte is wat nie bewus is van die diens nie.

### 6.3 Inligtingsgeletterdheid

Inligtingsgeletterdheid, en daarmee saam die opleiding van kliënte, bly steeds 'n strategiese prioriteit vir die Biblioteek- en Inligtingsdiens en gevolglik het opleiding weer eens 'n groot deel van die fakulteitsbibliotekarisse se taak van dienslewering aan kliënte in 2007 uitgemaak. Die opleidingstatistiek wat hier voorsien word, sluit dié van sowel die Afdeling Inligtingsdienste as die takbiblioteke in.

#### *Primêre kliënte*

Die geïntegreerde elektroniese biblioteekopleidingsmodule wat sowat twee jaar gelede met behulp van WebStudies ontwikkel is om meer primêre kliënte te bereik, het meegebring dat 'n addisionele 3 427 primêre kliënte kurrikulumverwante opleiding in 2007 ontvang het. Hierdie getal kliënte is bykomend tot die totale aantal kliënte wat met behulp van groeps- of individuele opleiding bereik is. Dit is verblydend dat hierdie ontwikkeling nou merkbaar vrugte begin afwerp en daar word vertrou dat dié opleidingsmetode mettertyd oor alle fakulteite heen sal inslag vind.


Die aantal primêre kliënte wat in groepe opgelei is, toon in al die fakulteite groei. Agriwetenskappe, Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Ingenieurswese, Natuurwetenskappe en Lettere en Sosiale Wetenskappe toon groot stygings en dit kan moontlik toegeskryf word aan die gebruikmaking van die WebStudies-opleiding, beter samewerking tussen dosente en biblioteekpersoneel in die beplanning van opleidingsessies, en groei in die getal studente wat kredietdraende Inligtingsvaardighede 172-opleiding bywoon. Individuele opleiding toon ook in die meerderheid fakulteite beduidende groei.

Regsgeleerdheid was weer eens die fakulteit waar die grootste persentasie kliënte met groepsopleiding bereik is, naamlik 90,8%, teenoor die verwagte kleiner persentasie van 5,35% wat met individuele opleiding bereik is. Die fakulteit waar die grootste persentasie kliënte deur middel van individuele opleiding in 2007 bereik is, is Gesondheidswetenskappe met 87,13%,

terwyl slegs 25,5% groepsopleiding ontvang het. Dit gee 'n aanduiding van die swaar werklading van biblioteekarisse wat hierdie fakulteit bedien en die doelwit behoort te wees om groepsopleiding te verhoog, veral op voorgraadse vlak, en te poog om tydsintensiewe individuele opleiding te verminder.

	2005	2006	2007
<b>Voorgraads</b>	4306	3927	9947
<b>Nagraads</b>	1459	1762	2333
<b>Dosente</b>	18	6	32
<b>Afstandstudente</b>	0	76	80
<b>Nie-Univ</b>	555	890	794

Groepsopleiding wat oor fakulteite heen onder die Getwise@URLibrary-vaandel aangebied is, toon groot groei in die verslagjaar. Dit kan toegeskryf word aan die groepsopleiding in die MetaLib-ontwikkeling wat by die Biblioteek- en Inligtingsdiens geïmplementeer is en in 2007 aangebied is in die fakulteite Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Gesondheidswetenskappe en Opvoedkunde. 2 396 studente is met hierdie opleiding binne die drie genoemde fakulteite bereik.



Personeel van die Biblioteek- en Inligtingsdiens was ook weer tydens die verslagjaar betrokke met kredietdraende biblioteekopleiding ("library survival skills") wat aangebied is vir die module, Inligtingsvaardighede 172, vir die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe.

Tydens die Getwise@URLibrary-week (5-9 Februarie 2007), direk na die verwelkomingsweek vir nuwelingsstudente, het 121 studente - meestal eerstejaars, wat dan ook die teikengroep van hierdie tipe opleiding is - generiese opleiding ontvang tydens 78 opleidingsessies.

#### Nie-universiteitskliënte

In vergelyking met 2006 het die totale aantal nie-universiteitskliënte wat in 2007 opgelei is met 20% gegroei. Van die 1 547 nie-universiteitskliënte wat in 2007 opgelei is, het 794 kliënte groepsopleiding en 753 kliënte individuele opleiding ontvang. By die Gesondheidswetenskappe Biblioteek is 457 Mondheekunde-studente van die Universiteit Wes-Kaapland, 68 Ambulanskollege-studente en 79 Provinsiale Administrasie van Wes-Kaapland-kliënte individueel in gesamentlik 205,75 lesure opgelei.

#### **6.4 Ingenieurs- en Bosboubiblioteek**

Die groeiende studentegedagte in die Fakulteit Ingenieurswese asook die toegang tot 'n groter keuse van elektroniese bronne het meegebring dat al groter druk op die rekenaarvoorsiening van die Ingenieurs- en Bosboubiblioteek gedurende die afgelope aantal jare geplaas is. Die verbeterde voorsiening van rekenaars wat in 2007 vir die biblioteek bewerkstellig is, het druk op sowel die biblioteek as op FIRGA verlig.

Die rangskikking van al die tydskrifte van sowel Bosbou as Ingenieurs volgens onderwerp teen die einde van 2006 is in 2007 oorwegend positief deur kliënte van die biblioteek ervaar en die toegang tot enkele nuwe databasisse, onder meer die Britse Standaard en Knovel, wat moontlik gemaak is deur goeie bestuur van die boekfondse, het tot die verryking van die voorraad bygedra.

#### **6.5 Musiekbiblioteek**

Ten opsigte van voorraadontwikkeling is dit verblydend dat die groot leemtes in die Koorleidingafdeling uitgewis is. Al die kernwerke (alle media) is vir hierdie dissipline aangekoop en die versameling is nader aan die vereiste versamelvlak gebring. Goeie vordering is ook gemaak met die aanspreek van leemtes in die twee-klavier- en klavierduet-afdelings (sowel bladmusiek as oudiovisuele materiaal).

Daar is weer eens tydens die verslagjaar goed gevorder met werk aan die versamelings van die Dokumentasiesentrum vir Musiek (DOMUS). Werk aan die Arnold van Wyk-skenking is afgehandel en daar is begin met die Rosa Nepgen-materiaal wat in die werkversameling van die Musiekbiblioteek opgeneem sal word. Belangrike aanwinste vir 2007 is die aankoop van 'n versameling oorspronklike manuskripte van Graham Newcater en die volledige werke, tot op hede, van Hendrik Hofmeyr. Hierdie

aankope is gedeeltelik uit biblioteekfondse en gedeeltelik deur befondsing van die Departement Musiek bekostig.

Verdere befondsing is ook bekom om die funksionering van DOMUS te kon voortsit: uit die Het Jan Marais Nasionale Fonds vir die verlenging van die ad hoc-aanstelling van me S de Jongh vir die werk in DOMUS; uit die US Strategiese Fonds vir die verwerking van die versameling van die EOAN Operagroep; en uit die navorsingsfonds van die Vise-rector (Navorsing) vir die skep van 'n webtuiste vir DOMUS.

Die katalogi van sowel die Jannasch- as die Coates-versamelings is in die verslagjaar afgehandel en die bekendstelling van laasgenoemde het by 'n feestelike geleentheid op 20 Augustus 2007 in die Konservatorium plaasgevind. Daar is ook in 2007 goed gevorder met werk aan die versamelings van Frits Stegmann, Graham Newcater, en Michael Scott, asook die Konservatoriumversameling.

Heelwat navorsing wat uitvloeisels was van die werk wat in DOMUS verrig word, het weer eens in 2007 by die Departement Musiek voorgekom. Twee publikasies wat op navorsingsmateriaal in die sentrum gebaseer is, het in die internasionaal geakkrediteerde tydskrif, *Fontes Artes Musicae*, verskyn. Vier referate, ook gebaseer op hierdie materiaal, is by die Musiekwetenskapvereniging van Suidelike Afrika wat in Augustus 2007 in Bloemfontein gehou is, gelewer, en minstens vier honneurs-skripsies en magister- en doktorsale verhandelinge wat uit hierdie materiaal voortgespruit het, is in 2007 afgehandel of is tans onderweg.

#### 6.6 USBI

Daar is weer eens in 2007 sterk klem gelê op die bevordering van inligtingsgeletterdheid by USBI en 576 kliënte van die Bellvilleparkkampus is tydens groep- en/of oriënteringssessies opgelei. Die uitkomst van die opleiding was onder andere om studente vertrouwd te maak met die vind van akademiese inligtingsbronne; gevorderde navorsingsvaardighede op 'n praktiese manier aan te leer; die gehalte van werksopdragte te verbeter; en om studente bewus te maak van plagiaat, kopieregwetgewing en verwysingsmetodes.

#### 6.7 Teologie Biblioteek en Gesondheidswetenskappe Biblioteek

By sowel die Fakulteit Teologie as die Fakulteit Gesondheidswetenskappe is verhoë sedert 2006 deur studente en akademici gerig vir verlengde ure by die onderskeie takbiblioteke van die twee fakulteite. Na kliënte-opnames en proefperiodes vir moontlike verlengde ure by beide biblioteke is addisionele diensure in 2007 by elk van die biblioteke ingestel, wat baie positief deur die primêre kliënte van die biblioteke ervaar is.

#### 6.8 Spesiale Versamelings

In die Dokumentesentrum is die werk om die HB Thom-versameling se katalogus en indeks persklaar te kry, voortgesit. Daar is ook deurgaans gewerk aan die WA de Klerk- en Piet Cillié-versamelings en opdatering en instandhouding van 'n verskeidenheid kleiner versamelings het ook aandag geniet.

'n Hoogtepunt van 2007 was die bekendstelling van die JJ Smit-katalogus op 24 Junie 2007 wat deur 'n groot aantal hoogeplaastes, donateurs, asook familieledede van JJ Smith bygewoon is. Een van die uitkomst van die geleentheid was 'n omvattende artikel oor JJ Smith en sy versameling wat in Die Burger verskyn het.

'n Groot aantal nuwe versamelings, asook byvoegings tot bestaande versamelings is in die loop van die verslagjaar by die versamelings van die Dokumentesentrum gevoeg en sluit onder meer die versamelings van prof JN de Villiers (oud-rector van die Universiteit Stellenbosch), Ina Rossouw (digteres), Freda Linde (kinderboekskryfster), Peter Philander (digter), prof Merwe Scholtz (letterkundige) en vele ander in.

In 2007 is 252 nuwe titels vir die Africana-versameling aangekoop. Die mees uitsonderlike aankoop was die kunswerk oor botaniese illustrasie, *Curiosities*, deur Karen Stewart. Die boek is 'n uitvloeisel van

die skrywer se M Phil-graad in die Visuele Kunste aan die Universiteit Stellenbosch, waarvoor 'n groot deel van haar navorsing uit bronne van die Africana-versameling bekom is.

Ander belangrike aankope in 2007 vir die Africana-versameling is 'n reeks getiteld *Erwe van ons vaad're*, waarvan die Biblioteek- en Inligtingsdiens die unieke nommer 205 toegeken is en voortaan van hierdie nommer beperkte oplae van die reeks sal ontvang; asook die faksimilee-uitgawe van *Oud en Nieuw Oost-Indiën (1724)* deur Francois Valentyn; *A soldier-artist in Zululand: William Whitelock Lloyd* deur David Rattray; Salomon Joubert se nuwe geskiedenis van die Kruger Wildtuin in drie volumes; *Claim to the country*, 'n gesaghebbende nuwe bron oor die argief van Lucy Lloyd en Wilhelm Bleek, opgestel deur Pippa Skotnes; en 'n skaars tweedehandse kopie van Zakkie Eloff se *Na die lewe geteken*.

'n Belangrike vonds vir die Beskermdde Versameling was die aankoop van 'n skaars kopie van Sam Haskins se *African image (1967)*.

Belangrike skenkings vir die Afdeling Spesiale Versamelings was 14 nuwe Europese strokiesprentboeke ("comics") deur die Switserse Konsulaat in Kaapstad aan die Beskermdde Versameling; 'n baie waardevolle "Zaehnsdorf" faksimilee-uitgawe van James Cook se *Journal of the HMS Resolution* aan die Africana Versameling deur Raymond Danowksi; en 'n transkripsie deur Hans Hermann Fries, 'n kliënt van die afdeling uit Duitsland, van Carl Ritter se dagboek aan die Dokumentesentrum. Laasgenoemde maak nou deel uit van die Ritter-versameling (MS 116) van die afdeling.

Tasbare uitkomst van inligtingverskaffing in die Afdeling Spesiale Versamelings in die vorm van publikasies wat verskyn het as 'n direkte resultaat van navorsing in die Afdeling was:

- *Die siel van die mier* deur Eugène Marais, geredigeer deur John Kannemeyer en sy Dokumentasiekunde-studente (Pretoria: Protea Boekhuis, 2007).
- *Uit puur verstrooiing: lesings, praatjies, artikels, onderhoude en besprekings* deur John Kannemeyer (Stellenbosch: Inset-Uitgewers, 2007).
- *Verkenning van Zuid-Afrika: achttiende-eeuwse reizigers aan de Kaap* deur Siegfried Huigen (Zutphen: Walburg Pers, 2007).
- "Maestro and commander: the Michael Scott collection at the University of Stellenbosch" deur Barry Ross. In *Fontes Artis Musicae*, 54 (3), Julie-September 2007.
- "Podium and/or pulpit?" DF Malan's role in the politicisation of the Dutch Reformed Church, 1900-1959" deur Lindie Korf. In *Historia* 52 (2), November 2007.
- "Standpunte: The story of a culturally inclusive South African journal" deur Elsa Meihuizen. Referaat gelewer by die A world elsewhere-konferensie, April 2007.

## 7. Verbeterde toepassing van inligtingstechnologie

### 7.1 Elektroniese bewaring van nagraadse studies en navorsing

Die Biblioteek- en Inligtingsdiens het in 2006 'n loodsprojek van stapel gestuur om die bewaring en toeganklikmaking van elektroniese tesisse en proefskrifte op die proef te stel. Hierdie loodsprojek is tydens 2007 uitgebrei met rolspelers op institusionele vlak, naamlik met die Registrateurskantoor, die Afdeling Studenterekords, die Afdeling Informasietegnologie, AFRICAN SUN MeDIA (ASM) en die WebStudies steundienste personeel. Die eerste elektroniese indiening van tesisse en proefskrifte sal in Maart 2008 van stapel gestuur word.

Die Biblioteek- en Inligtingsdiens het egter reeds vanaf die derde kwartaal in 2006 begin met die laai van bestaande tesisse en proefskrifte op die DSpace-databasis en hierdie praktyk is in 2007 voortgesit. Gevolglik was daar aan die einde van 2007 reeds 403 tesisse en proefskrifte van die Universiteit Stellenbosch aanlyn beskikbaar. 274 458 afladings het in 2007 van hierdie aanlyn

tesisse en proefskrifte plaasgevind (gemiddeld sowat 680 afladings per tesis/proefskrif) en 28 147 soektogte is in die loop van die verslagjaar in dié tesisse en proefskrifte uitgevoer.

Die bewaring en toeganklikmaking van tesisse en proefskrifte vorm slegs een komponent van 'n groter inisiatief om institusionele navorsingsuitsette in elektroniese formaat op 'n sentrale repositorium te bestuur, met 'n direkte koppeling na die Research Information Management System (RIMS)-stelsel.

### 7.2 Verbeterde stelselbestuur vir toegang tot elektroniese bronne

Tydens 2007 is 'n verskeidenheid aksies van stapel gestuur om die stelselbestuur vir toegang tot elektroniese bronne te verbeter. Hierdie aksies het onder andere die volgende ingesluit:

- Die implementering van 'n nuwe "proxy"-bediener wat toegang tot slegs elektroniese bronne bewerkstellig (LIB-PROXY) tesame met die skep van vereenvoudigde prosesse vir die bywerking van die "proxy"-bediener se konfigurasie.
- 'n Nuwe gekonsolideerde webblad met kortpadskakels na gekeurde elektroniese bronne wat die publisering van webskakels vergemaklik.

Daar is ook voortgegaan met die praktyk om opleidingsmateriaal wat gestoor is op magnetiese band om te skakel na digitale formaat. Die inisiatief help veral om mediese opleidingsmateriaal wat slegs op verouderde magnetiese bande gestoor is vir 'n wyer spektrum van biblioteekklieënte in digitale formaat beskikbaar te stel en waarborg ook die bewaring van hierdie inligting in die toekoms.

### 7.3 Loodsprojek vir verbeterde soekmetodes rakende organisatoriese inligting

Die Biblioteek- en Inligtingsdiens het tydens 2007 deelgeneem aan 'n loodsprojek wat deur die Afdeling Informasietegnologie bedryf is om produkte van 3 leweransiers te toets vir die vergemakliking van die soek en vind van organisatoriese dokumentasie en webruimtes. Hierdie projek skakel met die Biblioteek- en Inligtingsdiens se strategie om kruissoektogte van verskeie databronne in een soekmeganisme te konsolideer. Twee produkte, naamlik Microsoft Sharepoint Search en ConceptSearch is getoets. Die toetsing van die Oracle soekproduk word vir 2008 beoog.

Die daaglikse bestuur van die netwerkinfrastruktuur het oudergewoonte tydens 2007 voortgesette aandag geniet, met eksperimentering ten opsigte van nuwe metodes vir elektroniese batebestuur, 'n WiFi-ondersteuningsdiens vir instap-studente, die uitrol van nuwe weergawes van Microsoft-produkte en die aankoop en implementering van LCD- en plasmapanele vir bemarking- en kommunikasiedoeleindes in die JS Gericke Biblioteek.

## 8. Interne en eksterne kommunikasie

Die Biblioteek- en Inligtingsdiens se oorhoofse bemarkingstrategie is om sigbaarheid te verhoog en om bewustheid te skep vir dienste, fasiliteite en bronne. Hierdie doelwit is vanjaar op verskeie wyses nagestreef en suksesvol uitgevoer.

- 'n Verskeidenheid aksies is onderneem om die bemarkingstrategie te bevorder. Dit het ingesluit:
- 'n Kwartaallikse nuusbrieff, *Bibnuus*, wat kampuswyd versprei is.
- 'n Kwartaallikse nuusbrieff vir biblioteekpersoneel, *Subnuus*.
- Deurlopende opdatering en skep van brosjures.
- Deurlopende insette en bydraes vir onder andere *KampusNuus*, *Die Matie*, *Matie FM*, *Eikestadnuus*, e-pos verspreidingslyste en die Webbulletin.
- Gereelde rondleidings vir besoekers.
- Deurlopende opdatering en die skep van kennisgewings.
- Twee plasmaskerms is in die JS Gericke Biblioteek aangebring om kommunikasie met kliënte visueel treffend aan te bied. Die plasmaskerms vertoon inligting oor dienste, bronne, geleenthede, interessanthede en wenke.



- Verskeie aktuele uitstallings, onder andere: Beatrix Potter, Stellenbosse skrywers, die boek as kuns en Hinrich Lichtenstein.
- Deelname aan die Universiteit se Opedag.

Biblioteekweek wat in Maart gevier is, is ook benut om die Biblioteek- en Inligtingsdiens se teenwoordigheid en rol op kampus op 'n vermaaklike wyse te herbevestig. Dit het onder meer plakkate van bekende kampusfigure ('biblioteeksterre') behels wat elk hul ondersteuning vir 'n spesifieke biblioteekdiens verklaar het. 'n Kontemporêre Stellenbosse musiekgroep het 'n konsert in die opelug amfiteater by die ingang van die JS Gericke Biblioteek aangebied en André P Brink, bekende Suid-Afrikaanse skrywer, het 'n lesing oor sy boek *Die Ambassadeur* aangebied.

## 9. Gehalteversekering

Die gehalteversekeringsproses word met die strategiese beplanning van die Biblioteek- en Inligtingsdiens geïntegreer. Deurlopende meting van uitsette en hersiening van prosesse vind plaas deur middel van die Gebalanseerde Telkaart, waar strategiese doelwitte gemeet word met behulp van prestasie-indikatore en ander meetinstrumente.

Nadat die resultate van die LibQUAL-meningsopname van 2005 bekend gemaak is, het daar 'n behoefte ontstaan om meer indiepte ontledings van sommige van die resultate te doen deur middel van fokusgroepgesprekke. Waardevolle inligting is hiermee bekom en terugvoer sowel as aksieplanne is beskikbaar by [http://www.lib.sun.ac.za/Fokusgroepe/feedback\\_afr.htm](http://www.lib.sun.ac.za/Fokusgroepe/feedback_afr.htm).

Die opstel van kernprestasie-indikatore het ook 'n groot deel van 2007 in beslag geneem. Sommige prestasie-indikatore van die Biblioteek- en Inligtingsdiens se Gebalanseerde Telkaart is gebruik, maar ander moes nuut ontwikkel word. Hierdie kernprestasie-indikatore sal ook deurlopend gemeet word saam met die ander prestasie-indikatore van die Gebalanseerde Telkaart.

## 10. Streek-, nasionale en internasionale samewerking

Streek-, nasionale en internasionale samewerking is in 2007 voortgesit op verskeie vlakke en in verskeie forums, soos in vorige jare.

Op streeksvlak is die omvattende ondersoek na die Cape Library Consortium (CALICO)-stelsels wat in 2007 sou plaasvind, afgehandel en die verslag omtrent die ondersoek sal vroeg in 2008 onder bespreking kom.

Dienste in die vorm van lenings van biblioteekmateriaal, asook beperkte opleidings- en inligtingverskaffingsdienste is weer eens in die loop van 2007 aan 'n verskeidenheid nie-universiteitskliënte gelewer en sluit lede van die publiek (besoekers of lede van die publiek wat individueel as lede van die biblioteek aansluit), CALICO-kliënte (sowel CALICO-besoekers as diegene wat as CALICO-kliënte aansluit), alumni van die Universiteit Stellenbosch, leerders van skole, institusionele lede en ander groeperings in.

Die Biblioteek- en Inligtingsdiens was verder bevoorreg om gedurende 2007 sy deelname en betrokkenheid by nasionale en veral internasionale forums op uitsonderlike wyse te versterk. Die Senior Direkteur, me E Tise, was weer eens betrokke by die aktiwiteite van die Committee for Higher Education Librarians of South Africa (CHELSA) en sy en mnr W Klapwijk het in November 2007 ook die CHELSA Stakeholders Workshop van die National Electronic Theses and Dissertations (NETD)-projek in Johannesburg bygewoon.

Internasionale skakeling is ook voortgesit, veral met die Online Computer Library Center (OCLC), waarvan die Senior Direkteur die enigste Afrika-lid is wat dien op die Raad van Lede en verskeie

vergaderings van die OCLC Raad van lede is gedurende 2007 in Dublin, Ohio in die VSA bygewoon. Sy was lid van die Bill & Melinda Gates Foundation se Access to Learning Award 2007 Advieskomitee, asook voorsitter van die reëlingskomitee van die International Federation of Library Associations and Institutions (IFLA) se World Library and Information Congress wat tydens die verslagjaar in Durban plaasgevind het en is in 2007 aangewys as Aangewese President (2007-2009) van die IFLA.

Die Katalogiseerafdeling dra verder steeds by tot die uitbou van die nasionale, asook internasionale rekenaarkatalogi deur deelname aan SACat van SABINET en WorldCat van die Online Computer Library Center (OCLC). Hierdie afdeling is een van slegs ses biblioteke in Suid Afrika se katalogiseerafdelings wat internasionaal bydra tot gesagsrekords vir name, naamlik NACO (Name Authority Co-Operative) en slegs die Suid-Afrikaanse Nasionale Biblioteek en UNISA dra meer rekords by.

'n Groot aantal gaste het die JS Gericke Biblioteek gedurende die jaar besoek, onder andere me Bidy Fisher, Hoof van Inligtingsdienste, Sheffield Hallam Universiteit en lid van die Uitvoerende Raad van die Society of College, National and University Libraries (SCONUL), van die Verenigde Koninkryk, en haar eggenoot (die Sekretaris-generaal van die Vereniging van Statebond Universiteite). Ander besoekers het ingesluit:

- Van Noorweë: Frode Bakken, Direkteur van die biblioteek by Telemark Universiteitskollege in Noorweë en voormalige president van die Noorweegse Biblioteekvereniging en Helge Salvesen, Professor in geskiedenis en Direkteur van die Universiteitsbiblioteek van die Universiteit van Tromsø in Noorweë en lid van die raad van die Noorweegse Biblioteekvereniging.
  - Van China: 'n Afvaardiging van die Nasionale Biblioteek in China.
  - Van Finland: Päivi Pekkarinen, Nasionale Gesondheidswetenskappe Biblioteek; Eeva Murtooma, Nasionale Biblioteek; en Eila Ramo, Universiteit van Kuns en Ontwerp Biblioteek
  - Van Angola: Samuel Carlos Victorino, konsultant vir dr Adao do Nascimento, die Minister van Onderwys in Angola en Joaquim José Migueis.
  - Van Kansas (VSA): Lorraine J Haricombe, Dekaan van Biblioteke, Universiteit van Kansas.
  - Van Kentucky (VSA): Kathleen RT Imhoff, Uitvoerende direkteur, Lexington Openbare Biblioteek.
-